



8 Junie 2015

## PERSVERKLARING - NIE-BETALING VAN STAATSUBSIDIES

Die Moderamen van die NG Kerk Vrystaat het op sy vergadering op 2 Junie 2015, met groot ontsteltenis kennis geneem van die geweldige nadelige impak wat die níé-betaling van staatsubsidies in die huidige boekjaar het op die vermoë van welsynsorganisasies, om lewensnoodsaaklike dienste aan kinders, bejaardes, verswaktes, gestremdes en ander noodlydendes uit alle groeperinge van die bevolking voort te sit. Die Moderamen boekstaaf ook hulle diepste kommer daaroor dat die Nie-Winsgewende Organisasies (NWO's), na jarelange litigasie en ses hooggeregshofaansoeke, steeds géén regsekerheid het oor hulle posisie nie en van jaar-tot-jaar uitgelewer word aan die willekeur van staatsamptenare of hulle weer subsidie gaan kry, of nie - dit terwyl baie van hulle programme reeds meer as sestig jaar in bedryf is. Ons is opreg besorg daaroor dat statutêre dienste wat gelewer word, in duie kan stort weens dié uitgerekte wanbetaling. Dit is vir ons ondenkbaar dat derduisende noodlydende mense se lewens as gevolg van die administratiewe onvermoë en ongeërgdheid van die Staat ontwrig word en in sommige gevalle in gevaar gestel word.

Die Moderamen is ook diep besorg oor die werknemers van die NWO's en hulle afhanklikes. Ons is nie bewus van enige ander beroepsgroep of samelewingsektor waar werkers se lewensonderhoud summier vir maande opgeskort word nie. Ons meen dat die Grondwet en arbeidswetgewing só 'n situasie nie kan tolereer nie. Die NWO's kan ook nie, soos ander beroepsgroepe, staak of uit protes teen 'n stadige pas werk nie, want hulle werk met hulpelose en weerlose mense wat nie in die steek gelaat kan word nie. Die situasie waar geen of 'n gebrekkige subsidie ontvang word, word vererger deur die feit dat die NWO's vir baie jare geen inflasieverwante aanpassings in subsidie ontvang het nie en in meeste gevalle reeds hulle reserwes grootliks uitgeput het om vir dié tekorte wat só ontstaan, het te kompenseer. Die Moderamen neem terselfdertyd ook met ongeloof kennis van berigte oor miljarde rande waaroor die staat nie in hulle oudits verantwoording kon doen nie!

Daarom doen die Moderamen van die NG Kerk Vrystaat hiermee 'n dringende beroep op die premier van die Vrystaat, mnr Ace Magashule, om spoedeisende en drastiese stappe te neem om te verseker dat die Departement Maatskaplike Ontwikkeling hulle grondwetlike mandaat uitvoer en dat agterstallige subsidies onmiddellik aan NWO's uitbetaal word. Die kerke, privaatsektor en publiek is na ons mening nie in die vermoë of onder enige verpligting om die Staat se grondwetlike verpligtinge hierin oor te neem nie. Die burgers van ons provinsie, ongeag hulle ras, etnisiteit, geloof, of geslag, moet die versekering hê dat die Staat en die gemeenskap na hulle sal omsien in tye van nood.

Vriendelike groete in Christus.

  
Ds Helgard J van Rensburg  
VOORSITTER  
INTERIMKOMITEE

  
Prof Johan J van Rensburg  
ONDERVOORSITTER  
INTERIMKOMITEE

  
Dr Carin van Schalkwyk  
SKRIBA  
INTERIMKOMITEE

